

Mediese fonds: Berei jou voor op skerp styging

Salarisverhogings hou nie naastenby tred

<http://www.netwerk24.com/sake/2014-10-13-mediese-fonds-berei-jou-voor-op-skerp-styging>

Deur Nellie Brand-Jonker Maandag 13 Oktober 2014 12:40 vm.

Premieverhogings van top-5- oop skemas*

Die fond se getal lede word eerste aangedui, dan die 2014-styging en laastens die styging vir 2015.

1. Discovery: 2 519 743; 8,9%; **9,9%**
2. Bonitas#: 650 291; 10,60%; **7,20%**
3. Medihelp: 218 991; 10,10%; **12,8%**
4. Momentum Health: 210 275; 7,20%; **7,90%**
5. Medshield: 177 153' 9,4%; **9,5%**

* Die verhoging is die geweege gemiddelde styging wat dieselfde getal lede van 'n opsie as in die vorige jaar gebruik om die gemiddeld te bereken.

Net die verhoging van premie wat vir risikopoel gaan, dus nie totale styging nie.

Lede van mediese fondse kan hulle regmaak vir 'n selfs skerper premieverhoging in 2015 as varjaar s'n.

Dit is weer daardie tyd van die jaar dat die fondse hul premieverhogings en wysigings aan voordele aan lede begin bekend maak. Lede moet dan voor einde varjaar besluit of hulle van opsie of fonds wil verander.

Die mediese fondse moes teen 1 Oktober hul premieverhogings plus hul voordeleveranderinge aan die Raad op Mediese Skemas (RMS) voorgelê het wat dit moet goedkeur.

Die meeste oop fondse het ook al hul premieverhogings bekend gemaak.

“Ons het nog nie al die inligting vir 2015 nie, maar verwag dat die gemiddelde verhoging tussen ongeveer 0,5 en 1 persentasiepunt meer as varjaar s'n sal wees,” sê Casper de Vries, 'n senior konsultant van Alexander Forbes.

Die mediesefondsreus Discovery, byvoorbeeld, stoot sy premies vir 2015 met sowat 9,9% op vergeleke met begin varjaar se styging van 8,9%.

Die koste van lidmaatskap knaag al hoe meer aan mense se sak omdat hul salarisverhogings die laaste jare nie tred hou met die fondse se premieverhogings nie, en dit laat hulle slegter daaraan toe.

De Vries sê hulle verwag dat die gemiddelde styging in mediesefondsbydraes vir 2015 sowat 2 persentasiepunte meer as verbruikersprysinflasie sal wees. “In reële terme sal die verhogings dus bydra tot 'n afname in mense se besteebare inkomste.”

Tot dusver het Medihelp die grootste gemiddelde bydraeverhoging vir 2015 aangekondig – 12,8%.

“Soos in die vorige drie jaar was daar tot dusver nie enige radikale aankondigings ten opsigte van veranderinge aan voordele en opsies nie,” sê NT Snyman, hoofkonsultant vir mediese fondse van

Alexander Forbes.

“Voordele word in sekere gevalle verminder of nie met inflasie aangepas nie.

“Die koste word dan ongelukkig na lede verplaas omdat premies styg, maar die voordele verbeter nie.”

Snyman sê daar is steeds ’n gaping tussen dit wat diensverskaffers vra en dit wat mediese fondse betaal.

Hy maan dat ’n mens nie kostevergelykings kan tref gegrond op die gemiddelde verhogings van mediese fondse nie.

“By baie mediese fondse verskil die verhogings per opsie en lede moet seker maak dat hulle die werklike impak van hul individuele verhoging vir 2015 bepaal.”

Sekere fondse sal byvoorbeeld ’n gemiddelde verhoging van 8,6% aankondig, maar vir sekere opsies is die verhoging sê 11% en vir ander is dit dan laer.

Momentum Health het daarop gewys dat sy laekosteplan, waarop premies glad nie verhoog word nie, sy gemiddelde verhoging aftrek.

Momentum het ’n geweegde gemiddelde verhoging van 7,9%. Dit premieverhogings oor die verskillende opsies wissel van die 0% van die lae-inkomste-opsie tot 10,8% op die duurste een.

Die premie op Discovery se duurste produk styg met 10,9%.

Die premies van Medihelp se opsies styg met tussen 8,9% en 19,9%.

Damian McHugh, hoof van bemaking en verkope van Momentum Health, sê as die lae-inkomsteplan buite berekening gelaat word, sal die gemiddelde premieverhoging waarskynlik ook effe bo 9% wees.

McHugh sê hulle verwag ook dat mediese inflasie soos in die verlede tussen 2,5 en 3 persentasiepunte hoër as verbruikersprysinflasie sal wees.

“Daar is ’n aantal faktore wat dit veroorsaak, soos die vordering van mediese tegnologie en ouderdom wat eispatrone beïnvloed.

“Ons verwag nie dat mediese inflasie in die komende paar jaar ooit laer as verbruikersprysinflasie gaan wees nie.”

Ander faktore wat volgens hom ’n impak op premiestygings het, is dat jong mense nie lede van mediese fondse word nie en lidmaatskap nie uitbrei nie.

■ Om net na ’n goedkoper opsie oor te skakel, is nie iets wat lede sonder behoorlike advies van ’n konsultant moet doen nie, maan Snyman.

“Die behoeftes van jou en jou gesin is steeds die primêre faktor wat in ag geneem moet word wanneer jy kies. Dit kan nie net oor koste gaan nie.”

Ou lede, nuwe tegnieke druk mediese koste op



Berei jou voor op die pyn van 'n stewige verhoging in jou mediesefondspremie in 2015.

NT Snyman, hoofkonsultant vir mediese fondse van Alexander Forbes, sê hulle verwag mediese inflasie (gesondheidsorgverwante kostestygings) van tussen 7% en 10% vir 2015.

Mediese inflasie is tot 3 persentasiepunte hoër as verbruikersprysinflasie weens unieke faktore in die bedryf wat koste opjaag, sê hy.

Fondse neem faktore in ag soos die wins of verlies van die vorige jaar en solvensievlakke (die reserwes, wat ingevolge wetgewing op 'n sekere vlak moet wees) wanneer premieverhogings bereken word.

Discovery sê sy verhoging vir 2015 hou verband met voordele wat behou en verbeter is asook sy solvensieverhouding wat verhoog moet word.

“Bydraeverhogings moet die koste in ag neem van 'n verbetering in voordele, die impak van 'n verouderende bevolking, die hoë koste van nuwe mediese tegnologie, behandeling en medisyne en chroniese siektes, wat benutting verhoog,” sê dr. Jonathan Broomberg, uitvoerende hoof van Discovery Health.

Terselfdertyd moet 'n verhoging dit vir 'n mediese fonds moontlik maak om te groei.

“Solvensievereistes plaas druk op groeiende fondse omdat van hulle vereis word om van dag een af vir 'n nuwe lid 25% van sy premies as reserwe te hou. In werklikheid word dit net oor tyd opgebou.”

Unieke koste-aandrywers in sluit volgens Snyman in:

- Gesondheidsorgdiensverskaffers se pryse styg jaar ná jaar;
- Daar is 'n veroudering van fondslede en die gebruikspatrone van lede verander;
- Lede eis meer, aangesien hulle meer bewus raak van die voordele wat beskikbaar is;
- Daar is 'n besliste toename in die hoeveelheid groter eise waarvoor mediese fondse moet betaal;
- Daar is ook 'n toename in die getal lede by wie 'n siektetoestand soos kanker gediagnoseer word en daarvoor behandel moet word;
- Mediese fondse moet vir nuwe metodes van mediese behandeling, tegnologie en die jongste medisyne wat gepatenteer is, betaal; en
- Die kleiner koopkrag van die rand weens sy verswakking teen die dollar en ander geldeenhede maak ingevoerde medisyne en tegnologie net al hoe duurder.